NOTULE VAN 'N ALGEMENE JAARVERGADERING WAT GEHOU IS IN DIE SYSAAL VAN DIE STADSAAL TE MOSSELBAAI OP WOENSDAG 24 JULIE 2019 OM 10H00

TEENWOORDIG:

Sien aangehegte lys

1. Open met gebed
Mnr Nico Breytenbach open met gebed.

2. 2.1 Verwelkoming deur die Voorsitter Mnr. W.F.T. van Schalkwyk en
2.2 Oorsig – OEV
Die Voorsitter verwelkom almal met 'n spesiale verwelkoming aan Me. E. Kirsten wie spesiaal van Pretoria gekom het vir die vergadering.

3. Verskonings
Me. I. Fischer, Me. M. Botha, Mnr N. Erasmus, Mnr B. Bouwer, Mnr Ben Bouwer, Me. H. Swart, Mnr Tekkie van Rensburg, Me. M. Barnett, Mnr. A. Rhoodie, Me. M. Kruger, Me. Y. Badenhorst, Me. A. Macnamara

4. Vorige vergadering se notule
Notule word goedgekeur:

Voorgestel: Mnr P. Swart Sekondant: Mnr. P. Cordier

5. Sake voortspruitend uit vorige vergadering se notule
12.7.2 en 12.7.4 is ingebring in Agenda van 24 Julie 2019 vir bespreking.

6. Byvoeging onder Algemeen uit die gehoor vir bespreking.
Kyk paragrawe 15.1 tot en met 15.3 hierin.

7. Finansiële verslag – Tesourier (Mnr C. van Niekerk)
Die Tesourier werk deur die finansiële verslag en noem dat die finansies sterk is. Mnr. C. de Jager wil weet hoekom daar so baie in die feesterekening is en dit word aan hom verduidelik dat die geld net aangewend word vir feeste in Mosselbaai en wat daarmee saamgaan soos benodig. Die gewone belegging staan op R360000-00 en die geld word gebruik vir opgraderings in die OEV soos byvoorbeeld die nuwe mobiele kantoor en toilette wat aangekoop was. Sekere plekke soos Santos wat plaveisel benodig sal ook van die geld gebruik. Die saldo in die gewone rekening trek eintlik 'n skewe beeld aangesien daar baie geld inkom wat dan weer aan ander betaal moet word soos die Munisipaliteit en ATKV vir stalletjiegeld. Hy noem dat die jaarlikse finansiële state by die Boekhouer vir aftekening is en sodra hy dit kry sal dit beskikbaar by die OEV kantoor wees vir insae.

8. Oorsig – OEV Goods Shed Vlooimark en Grootbrakmark – Mnr J. Coetzee – Mosselbaai Munisipaliteit/Grootbrakmarkkoördineerder – Me. M.A. Sonnekus.

Mnr J. Coetzee noem dat The Goods Shed 'n aparte vergadering hou elke ses maande maar sê dat die eienaars van The Goods Shed is meer as welkom om die Algemene Jaarvergadering en ander Ledevergaderings by te woon. Hy verduidelik dat daar op die vorige Goods Shed se vergadering van die OEV 'n komitee gekies is maar dat dit by die volgende OEVBestuursvergadering egter besluit is om die komitee te ontbind met onmiddellike effek. Daar is sekere mense in The Goods Shed wie besig is om negatiewe gedagtes te versprei oor The Goods Shed en daar is ook sprake van 'n petitisie wat die rondte doen. Die sal op die volgende Goods Shed vergadering van 14 Oktober 2019 bespreek word. Hy vra dat mense moet meer positief moet wees en ophou "stir".
Grootbrakmark het gegroei dat daar 'n besluit geneem is om 'n brug oor die rivier to laat bou sodat daar meer uitstalruimte geskep kan word. Daar is nog steeds diegene wie op die dag van die mark kanselleer of die wie net wegbly. Sulke uitstallers verloor hulle permanente uitstalruimte en sal van vooraf weer moet aansoek doen. Daar word 'n teenwoordigheidsregister gehou wat elke maand by 'n Bestuursvergadering voorgelê word. Daar sal 'n vergadering gehou word met betrokke persone om te besluit of al die kos na die anderkant van die rivier geskuif gaan word of nie. Dit hang ook alles af van die koste van so skuif en van die beskikbaarheid van kragbokse.

9. Komende Dias en Sportfees – Mnr J. Coetzee

Daar is 'n behoefte om die Diasfees te skuif na 'n ander datum toe maar ongelukkig sal dit nie in 2020 kan gebeur nie. Die doel van die Diasfees is om mense na die dorp toe te trek en dit word verstaan dat die eerste naweek in Februarie 'n moeilike naweek is omdat die skole net begin het en ouers groot uitgawes gehad het. Die datum sal in 2021 skuif na Maart toe. Uitstallers sal dan die Diasfees kan doen en dan direk vandaar na die seisoenstalletjies kan skuif vir die Maart seisoen. Sodoende sal dit ool die moeite werd wees vir uitstallers wie van ver kom.

10. Die Gesondheidswet en die OEV – Alle markte insluitend The Goods Shed en Grootbrakmark - Mnr C. van Niekerk.

Mnr C. van Niekerk is op sekere dinge gewys waarna hy moet kyk en het alreeds by Grootbrakmark begin. Hy wil veral die nuwe lede leiding gee. Al die Eden sertifikate moet teen einde Junie 2019 verander wees na "Garden Route" Daar is 'n bykomstige bedrag van R190-00 betaalbaar. Daar was baie van die stalletjies van Grootbrakmark wie dit nie geweet het nie en dit waardeer dat Mnr C. van Niekerk dit uitgewys het. Dit is onder die aandag van die Bestuur gebring dat

sekere uitstallers sertifikate dupliseer om verskeie koswaens te dek. Die praktyk is onwettig. Elke sertifikaat moet die spesifieke voertuignommer op hê. Mnr J. Coetzee wil die feite hê in verband. Dit kan en mag nie gebeur nie en indien ‘n uitstaller dit wel doen kan hy/sy onmiddellik geskors word. Die Voorsitter voel beswaard omdat min uitstallers vergaderings bywoon. Me. E. Kirsten maak ‘n voorstel dat daar ‘n algemene vergadering gehou word met alle uitstallers gedurende die komende seisoen. Mnr J. Coetzee is oop vir dit en vra dat daar ‘n vraelys by die mobiele kantoor beskikbaar sal wees op datum van registrasie om te hoor wie sal belangstel.

11. Reg op enige of ‘n spesifieke uitstalruimte – Voorsitter

Die Voorsitter noem dat geen uitstaller die reg op enige spesifieke uitstalruimte het nie. Die OEV Bestuur behou die prerogatief voor om uitstalruimte te enige tyd met meriete in plek te kanselleer en aan ‘n ander toe te ken. Die kontrak wat geteken word deur die uitstaller sê duidelik dat die kontrak net vir ‘n spesifieke vakansietydperk is.

12. Diefstal op jou uitstalruimte, onaanvaarbare optrede deur ‘n lid van die publiek (dronk) ensovoorts. Korrekte optrede deur uitstaller – gevolge – Sekuriteit/Polisie – Mnr N. Boolay.

Mnr N. Boolay het uitklaring gekry van ‘n polisiebeampte en die het raad gegee dat ‘n persoon wie steel gehou word in so stalletjie. Laat die Sekuriteit dit verder kom opneem met die persoon. Geen uitstaller mag geweld teen so persoon gebruik nie en moet baie versigtig wees om nie op so persoon se regte inbreuk te maak nie. Die beste ding vir elke uitstaller is om ‘n blikkie “pepper spray”by hom te hou. Die polisie moet gekontak word om so persoon weg te neem. Mnr A. Anderson vra of so ‘n persoon verban kan word om tussen stalletjies te loop. Ongelukkig kan dit nie gebeur nie want dit is ‘n publieke plek en ieder en elk het reg tot toegang totdat die teendeel bewys kan word waarna regsproses sy gang moet loop.

13. Komende Desember 2019/Januarie 2020 vakansietydperk.

13.1 Laaste dag vir betaling vir uitstalruimte toegeken – 1 Oktober 2019. Gebrekkige optrede – gevolge.

Die laaste dag van betaling is 1 Oktober 2019 – geen uitsonderings nie. Enige kort betalings moet inbetaal word teen 1 Oktober 2019 met ‘n bykomende bedrag van R65-00 per transaksie. Daar sal ‘n oudit gedoen word op 2 Oktober 2019 en die wie nie betaal het nie verloor dan hulle voorwaardelike toegekende staanplek en word dan op ‘n waglys gesit. Indien so persoon wel dan weer staanplek kry, sal ‘n bykomende R500-00 boete vir addisionele administrasie betaal moet word.

13.2 Verwysing op betaalstrokie.

Verwysings op betaalstrokies moet duidelik wys naam, van en uitstalruimte.

13.3 Kraggebruik – moet voortaan streng weekliks vooruit betaal word – geen uitsonderings. Gevolge vir gebrekkige optrede.

Alle kraggebruikers moet ‘n week vooruit vir hulle krag betaal. Geen uitsonderings. Indien nie, word die krag afgesny en by heraansluiting sal hy/sy ‘n boete van R500-00 betaal. Me. E. Kirsten vra of die krag nie beskikbaar kan wees die dag wanneer die koswaens inskuif nie? Dit is nie haalbaar nie. Krag word slegs vanaf en op die dag waarop ‘n vakansietydperk amptelik begin verskaf.

13.4 Toestand – koswaens en die komende vakansietydperk.

Alle uitstallers word gewaarsku dat hulle nie moet stagneer nie en hulle koswaens netjies en mooi moet hou. Dit maak nie saak hoe lank jy al by die OEV staan nie. As jou koswa nie op standaard is of bly nie, sal jy nie weer gekeur word nie.

13.5 Keuring, administrasie en moontlike onregmatige handelinge – toekoms – Voorsitter

Die korrektheid van inligting op aansoekvorms is baie belangrik en moet behoorlik en volledig voltooi en geteken word. Daar word dringend gekyk na mense wie aansoek doen onder andere se name. So handeling is onaanvaarbaar en sulke persone sal summier geskors word. Mnr G. du Plessis wil weet hoe sekere mense dit reg kry om ses stalletjies of meer uitstalruimtes te kry. Mnr J. Coetzee sê dat aansoekers hulle feite reg moet hê voor hulle die Bestuur aanval en verduidelik dat deel van die oorgaan onderhandelinge met ATKV was dat die uitstallers wie reeds vorige jare by ATKV se ou gronde gestaan het eerste moet plek kry in Joubert Park. Daar is aan die vereistes voldoen. In die toekoms sal daar nie meer as een uitstalruimte per aansoeker toegeken word nie. Persone met meer uitstalruimtes sal uitgefasseer word wanneer hulle ophou. Daar word gevra dat indien enige aansoeker ongeruimhede sien, dit dringend met feite beskikbaar onder die Bestuur se aandag gebring moet word. Die Bestuur sal met bewyse in plek‘n ondersoek doen. Mense word versoek om nie met stories van derde partye die loop te neem nie.

Mnr. A. Anderson wil weet hoe sekere aansoekers dit regkry om uitstalruimtes te kry en daar word aan hom verduidelik dat daar ‘n verkiesingsproses is soos bv. – daar word gekyk na fotos wat die vorige seisoen geneem is, na netjiese stalletjies, wie die Maart seisoen gestaan het en wie dan gevra het om te skuif ensovoorts. Met meriete in plek word ‘n besluit dan geneem wie staanplek kry. Dit is belangrik om daarop te let dat elke persoon ‘n aparte individueel is. Dit kan gebeur dat een familie (Pa, seun ens) elk ‘n staanplek kry. Elke aansoek is apart en individueel en staanplek word nie beperk tot een per famielie nie. Indien jou produk kwalifiseer kan enigiemand aansoek vir uitstalruimte doen.

13.5.1 Meer as een uitstalruimte vir dieselfde persoon.

Die Bestuur het besluit dat geen aansoeker voortaan ‘n tweede stalletjie mag kry nie.

13.5.2 Produkte vir verkoop waarvoor aansoek gedoen word versus produkte wat werklik vir verkoop aangebied word. Lys van produkte op aansoekvorm – afgekeur.

Die OEV Beampte gaan Desember 2019/Januarie 2020 vakansietydperk met die goedgekeurdelys alle stalletjies besoek en produkte wat op die lys verskyn maar nie op stalletjies is nie, summier van die lys afgehaal. Kosstalletjies moet spesifiseer in ‘n produk en daar gaan streng na gekyk word. Moenie stagneer nie maar hou by spesifieke produkte wat pas by wat jy reeds verkoop. Mnr H. Blignaut wil weet hoekom sy produkte koeksisters en gebottelde vrugte afgekeur is? Dit word aan hom verduidelik dat hy ‘n opsie het om die familie wapens aft e haal en dan kan nuwe produkte goedgekeur word.

13.5.3 Verkoop van produkte nie goedgekeur nie.

Die OEV Beampte sal dit in die toekoms opvolg.

13.5.4 Spesialiseer in ‘n produk met byvoeging wat daarby pas versus stagnering en gevolglike beperking – unieke produkte.

Die Bestuur vra dat elkeen by produkte hou wat pas maar besef ook dat hulle sê jy moenie stagneer nie. Dit is baie moeilik om ‘n spesifieke reël te maak. Unieke produkte sal egter voorkeur kry en elke aansoek sal op meriete gekeur word. Die einddoel is om ‘n mark te skep wat verskillende interessante stalletjies het en nie om uiteindelik ‘n mark daar te stel waar elkeen dieselfde goed verkoop nie.

13.5.5 Opdrag aan die OEV Beampte – Spesiale ondersoek en spesifieke terugvoering ten opsigte van alle uitstalruimtes beset gedurende die Desember 2019/Januarie 2020 vakansietydperk.

Die OEV Beampte gaan streng hierna kyk gedurende die Desember 2019/Januarie 2020 vakansietydperk.

13.5.6 Elke voornemende aansoeker <u>moet</u> self sy/haar eie dokumentasie voltooi en dit persoonlik en behoorlik onderteken. Om namens ‘n ander persoon aansoek te doen of iemand anders se naam te gebruik terwyl die persoon nie werklik betrokke is of die werklike uitstaller is nie, is bedrog. Lewenslange skorsing.

Dit is uiters belangrik dat elke aansoeker sy eie aansoek sal voltooi en onderteken. Hier gaan voortaan streng na gekyk word.

13.5.7 Vrywarings ten opsigte van die OEV, Mosselbaai Munisipaliteit en ATKV in geval van enige gebeurlikheid.
Die vrywaringsdokument is baie belangrik en aansoekers is gevra om dit deeglik deur te gaan te verstaan en te onderteken. Dit is nie aanvaarbaar dat ander persone vir iemand aansoek doen nie. Die aansoeker neem self verantwoordelikheid wanneer hy/sy die aansoekdokument onderteken.

13.5.8 Die goedgekeurde aansoeker vir 'n spesifieke uitstalruimte vir 'n spesifieke vakansietydperk doen regsaanspreeklikheid op oor 'n wye gebied onder kontrak met alle betrokke partye en dit is waarom agteraf reèlings van enige aard onaanvaarbaar is. Gebrekkige handeling kan veroorsaak dat alle betrokke partye duur ongevraagde probleme opdoen.
Die aansoeker word slegs goedgekeur vir die tydperk in die kontrak en mag onder geen omstandighede sy uitstalruimte probeer verkoop of probeer onderverhuur aan enige ander persoon nie. Sulke onreëlmatighede sal nie geduld word nie.

14. Aandmarkte 2019.
Bespreking vir die Aanmarkte open op die 1 Augustus 2019 vir bespreking en Me. M. Sonnekus noem dat die datums goed val die jaar – datums is vir Mosselbaai - 20 Desember 2019, Hartenbos 1 - 21 Desember 2019 en Hartenbos 2 - 23 Desember 2019. Dit is nou ook moontlik dat uitstallers van ver kan bly om al drie te doen. Me. M. Sonnekus vra almal om ander ook te motiveer om aansoek te doen vir die Aandmarkte. Alle gelde wat hier inkom word vir liefdadigheid aangewend.

15. Algemeen (Byvoeging uit gehoor vir bespreking)

15.1 "Smous Lisensie" Me. S. Cordier noem dat die sogenoemde "Smous"lisensie het nie die koswa se nommerplaat nommer op het nie. Mnr J. Coetzee sal dit opvolg.

15.2 Santos Mnr. C. de Jager vra of Santos se uitstalruimtes wat baie onduidelik is oorgeverf kan word. Hy vra of daar plaveisel neergesit kan word op die plek waar hulle staan. Mnr J. Coetzee sal opvolg.

15.3 Hartenbos Plaveisel Mnr D. du Toit vra of hulle ook plaveisel kan lê agter die stalletjies aangrensend tot Joubert Park. Mnr C. van Niekerk noem dat daar 'n probleem met boom wortels was. Mnr J. Coetzee sal opvolg.

16 Vrae uit gehoor.

Mnr G. le Roux vra wat gebeur met die ontwikkeling by die Punt? Mnr J. Coetzee verduidelik dat die paar permanente uitstallers tydelik geskuif is terwyl hulle besig is met die ontwikkeling. Daar word ‘n ope lug gymnasium gebou en plaveisel gaan gelê word waar die 4 koswaens gewoonlik gaan staan. Hy noem ook dat daar ‘n moontlike tariefverhoging in die pyplyn is.

17. Verstryking van die ampstermyne van die volgende ampsbekleërs:

17.1 Voorsitter (Mnr W.F.T. van Schalkwyk)

17.2 Tesourier (Mnr C. van Niekerk)

18. Verkiesingsproses om die poste te vul – Mnr J. Coetzee hanteer.

Die Voorsitter gee oor aan Mnr J. Coetzee wie die Voorsitter dan bedank vir alles wat hy gedoen en ingesit het vir die OEV. Hy bedank die Tesourier ook vir sy werk. Hy verduidelik dat daar nou vir twee lede gestem moet word om op die Bestuur te dien. Me. S. Cordier stel voor dat die twee lede Mnr W. van Schalkwyk en Mnr C. van Niekerk aanbly. Dit word gesekondeer deur Me. D. van Egmond. Daar is verder geen ander voorstelle nie en dit word dus eenparig besluit dat Mnr W. van Schalkwyk en Mnr C. van Niekerk sal aanbly vir nog ‘n termyn.

19. Vergadering verdaag vir ‘n wyle – Bestuur gaan in vergadering om ‘n Voorsitter en Tesourier vir die volgende twee jaar te bevestig.

Mnr N. Boolay stel voor dat Mnr W. van Schalkwyk as Voorsitter en Mnr C. van Niekerk as Tesourier aangaan. Dit word eenparig so aanvaar.

20. Bestuursbesluit word bekendgemaak – Verwelkoming van Voorsitter en Tesourier.

Mnr J. Coetzee maak bekend dat Mnr W. van Schalkwyk weer as Voorsitter en Mnr C.van Niekerk as Tesourier herkies is.

21. “Lucky Draw”vir kontant prys van R200.

Die “Lucky Draw”is deur Me. C. de Jager gewen.

22. Vergadering verdaag.

Vergadering verdaag om 12.30

8.

Notule word goedgekeur:

VOORSITTER:_____SEKRETARESSE:_____

DATUM:_____

VOORSTEL:_____SEKONDANT_____